# HOËRSKOOL ROODEPOORT

**Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Roodepoort**

**(BESKIKBAAR BY www.roodie.co.za)**

Leerders van Hoërskool Roodepoort moet op 'n voorbeeldige wyse met hoë morele standaarde optree en respek toon aan opvoeders, werkers, medeleerders, besoekers asook die fasiliteite van die skool. Die nodige respek moet getoon word vir die privaatheid en persoonlike ruimte van mede-leerders, opvoeders, personeel en besoekers aan Hoërskool Roodepoort. Dit word van leerders vereis om te alle tye aan alle aspekte van die Gedragskode van Hoërskool Roodepoort te voldoen waar en wanneer ookal hulle in die skooldrag van Hoërskool Roodepoort is of waar hulle as leerders van die skool geïdentifiseer kan word.

Die (Skoolbeheerliggaam) SBL, Hoof en Personeel van Hoërskool Roodepoort sal te alle tye poog om 'n veilige omgewing vir leerders te skep in 'n atmosfeer wat bevorderlik is vir onderrig en leer om te kan plaasvind. **Enige oortreding van die Gedragskode van Hoërskool Roodepoort sal dissiplinêre optrede in ooreenstemming met die Dissiplinêre Kode van Hoërskool Roodepoort tot gevolg hê.**

Die volgende Beleide en prosedures (goedgekeur deur die SBL op 19 November 2018) vorm 'n integrale deel van die Gedragskode van Hoërskool Roodepoort:

## 1.) Daaglikse prosedure

Toegang tot die terrein en geriewe van Hoërskool Roodepoort word voorbehou. Die skool begin stiptelik om 07:30 en eindig om 14:00, **Maandae tot Vrydae**. Die skoolterrein open daagliks om 06:30 en sluit om 15:00. Hoërskool Roodepoort aanvaar ***In Loco Parentis*** vir leerders gedurende hierdie tyd. Indien ‘n leerder die perseel van die skool om welke rede ookal vroeër verlaat en te alle tye voor of na hierdie gespesifiseerde tyd, sal die ***In Loco Parentis*** gevestig wees by die ouers of wettige voogde van leerders. Indien enige geskeduleerde gebeurtenis van Hoërskool Roodepoort plaasvind, sal die skool ***In Loco Parentis*** vir 'n leerder vir die duur van die geleentheid aanvaar en die ***In Loco Parentis*** weer oorgedra word aan die ouers / voogde van die leerder 30 minute na die afhandeling van die gebeurtenis of terugkeer van 'n leerder na die perseel van Hoërskool Roodepoort.

- ✓ Hoërskool Roodepoort is 'n gebied met beheerde toegang. 'n Leerder kan slegs toegang verkry tot die skoolgronde en fasiliteite deur toegang by die volgende ingangshekke:
  - Kilburnstraat langs die hoofsaal of
  - Die "Sporthek" in Kilburnstraat of
  - Die Fanie van Vuuren Kleinteaterhek in Königlaan.

Die SBL van Hoërskool Roodepoort verleen aan die Skoolhoof en/of sy/haar gedelegeerde personeel toestemming om enige persoon/sak/besittings/sluitkassie op die perseel van die skool te deursoek om te verseker dat die bepalings en voorwaardes van die **Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Roodepoort** in alle opsigte nagekom word.

- ✓ 'n Leerder wat die skoolterrein op enige ander wyse betree, anders as volgens die prosedure hierbo beskryf, word ge-ag om onwettig op die skoolterrein te wees en ‘n kennisgewing van Direkte Detensie sal aan sodanige leerder uitgereik word vir die eerste daaropvolgende detensie sessie.

- ✓ Leerders mag nie die perseel van Hoërskool Roodepoort betreë indien hulle in besit is van enige van die volgende nie:
  - Enige sigaret, butanol-aansteker of vuurhoutjies
  - Enige e-sigaret/“vape”/hubbly bubbly/bong of enige ander dwelm-toebehore
  - Enige dwelm-, verbode of onwettige middel met ‘n narkotiese invloed wat die geestelike toestand van ‘n leerder kan verander (Codeïen, “Lean” of ander soortgelyke mengsels)
  - Marijuana of sintetiese Marijuana of enige ander sintetiese stof ("Herbal") of dagga olie

- Enige tipe mes of skerp metaalvoorwerp of enige ander voorwerp wat as wapen gebruik kan word
- Enige tipe vuurwapen, gas/luggeweer/pistool of "BB" -geweer of blaaspyp
- Enige handelsware met die voorneme om dit op die perseel van Hoërskool Roodepoort verkoop.
- Dobbelapparaat of enige voorwerpe wat gebruik kan word om mee dobbel

✓ VYF Demeriete punte (-5) sal uitgereik word aan enige leerder wat laat is vir skool.

✓ Leerders verlaat die skoolterrein aan die einde van die dag deur die volgende uitgangshekke:
- Kilburnstraat langs die hoofsaal (vanaf 14:15) of
- Die "Sporthek" in Kilburnstraat (sluit om 14:15) of
- Die Fanie van Vuuren Kleinteaterhek in Königlaan (sluit om 14:15).

✓ **Leerders wat nie die skoolterrein onmiddellik aan die einde van die skooldag verlaat nie:**
- **Mag nie rondloop** tussen die geboue / trappe / badkamers / enige ander area op die skoolterrein nie.
- Moet **aanmeld by die aangewese wag-area** by die Kilburnstraat-hek, of moet die skoolterrein dadelik verlaat.
- Moet **dadelik** na die fokusgebied van enige buitemuurse aktiwiteit beweeg.

***Indien 'n Ouer/Voog herhaaldelik versuim om 'n leerder na afloop van 'n skooldag of skoolaktiwiteit te kom haal/toe te sien dat die leerder gehaal word, Sal Vorm 22 (Opsetlike Kinderverwaarlosing, Seksie 110 van die Kinderwet 38 van 2005) voltooi en aan die toepaslike owerheid oorhandig word.***

✓ 'n Leerder wat nie die skoolterrein verlaat ooreenkomstig die prosedures hierbo beskryf nie, sal geag word om die skool vroeg en/of onwettig te verlaat het en 'n kennisgewing van Direkte Detensie sal aan sodanige leerder uitgereik word om die eerste beskikbare detensie-sessie by te woon.

✓ **Geen balspeletjies sal toegelaat word op die Vierkant of enige ander gebied tussen die geboue tydens of na skool nie.**

✓ Die tyd wat toegelaat word om klasse te verwissel of na pouse terug te keer, **is beperk tot vyf minute**.
- Alle leerders wat die klas binne 5 minute bereik, sal met 5 merietepunte gekrediteer word.
- Nadat 5 minute verstryk het sal -5 demerietepunte geregistreer word (laat vir die klas).
- Nadat meer as 10 minute verstryk het sedert die begin van 'n klas, sal 15 demerietepunte vir klasontwrigting geregistreer word.

✓ Leerders word nie toegelaat om die skoolterrein gedurende skoolure te verlaat nie, tensy hulle die korrekte prosedure volg en deur die ouers/wettige voog/de by Ontvangs uitgeteken word.
- Indien 'n ouer / wettige voog nie in staat is om sy / haar kind te gaan haal nie, is 'n skriftelike toestemming van die ouer / wettige voog vereis voordat die leerder deur die skool vrygestel word.

✓ Daar word van leerders verwag om alle relevante studiemateriaal en skryfbehoeftes vir elke klas gedurende die skooldag byderhand te hê.

✓ Toegang tot sluitkassies sal beperk word tot voor skool, tydens pouse en na skool. Sluitkassies sal te alle ander tye gesluit word.

✓ Leerders moet klasse, badkamers en die skoolterrein netjies en vry van rommel hou.

✓ Leerders moet te alle tye in besit wees van hul persoonlike "Roodie Visum".

✓ 'n Leerder mag nie enige klas gedurende die skooldag verlaat nie, tensy die klasonderwyser die nodige toestemming in die Roodie Visum gee.

✓ 'n Leerder mag nie die klas verlaat gedurende die volgende tye van die dag nie:
- Voogperiode
- Periode 1
- Periode 4
- Periode 5
- Periode 8

✓ Enige leerder wat gedurende die skooldag buite sy geskeduleerde klas is en sonder die nodige magtiging in sy / haar Roodie Visum, sal 'n direkte detensie uitgereik word, geskeduleer vir die eerste beskikbare detensie sessie.

✓ 'n Verlore Roodie Visum moet op die leerder se eie koste vervang word (By die Finansiële kantoor).

## 2.) VOORKOMSREËLS VIR 2020

Die skooldrag is die trots van Hoërskool Roodepoort en daarom moet leerders altyd netjies gekleë wees tydens skool, sport- en kultuurbyeenkomste, op busse en in die openbaar. 'n Leerders moet in volledige skooldrag geklee wees vandat hy/sy hul ouerhuis in die oggend verlaat totdat hy/sy terugkom by die huis. Skoolklere moet ten alle tye skoon en netjies wees. Die skool streef daarna om 'n persoonlike trots en 'n positiewe selfbeeld by elke leerder te kweek deur klem te lê op die voorkoms van 'n leerder. Daar word geen ruimte gelaat om van hierdie reëls af te wyk nie.

Indien reëls eenvoudig en duidelik is, is dit maklik om te verstaan en toe te pas. Die Kleredragreëls vir seuns en dogters word deur 'n komitee bepaal bestaande uit verteenwoordigers van die ouers, personeel en leerders van Hoërskool Roodepoort. Geen drag sal toegelaat word indien dit nie, op aanbeveling van die kleredrag-komitee, deur die SBL goedgekeur is nie. Slegs die voorgeskrewe skooldrag soos verskaf deur goedgekeurde verskaffers is toelaatbaar. 'n Lys van verskaffers is by Ontvangs, op die skool se webblad en in die skool se nuusbrief beskikbaar.

### DOGTERS

### Somersdrag

- Meisies dra swart skoolskoene (Baby Dolls). Dit moet bandjies hê wat altyd vasgegespe is of alternatiewelik mag toerygskoolskoene (veters vasgemaak) gedra word.
- Skoene moet altyd vasgemaak wees. Skoene moet gepolitoer en skoon wees
- Donkerblou skoolsokkies moet gedra word. Geen wit sokkies is toelaatbaar nie.
- Donkerblou Hoërskool Roodepoort skoollangbroek (sonder sakke) of donkerblou skoolromp (10cm bokant die knie as jy kniel).
- Géén skoollangbroek se pype mag nouer gemaak word nie. Geen "skinny" broeke nie en geen ritssluiters, drukkertjies, of *Velcro* mag in die pype ingesit word nie.
- Wit kortmouhemp (ingesteek). Somershemde is oopnek-hemde.
- Géén langmoufrokkies onder kortmouhemde nie. – (Nie wit, swart of enige ander kleur nie).
- Geen dogter word toegelaat om slegs 'n wit hemp (lank of kort) te dra nie. 'n Oortrektrui ("Pullover") is verpligtend saam met 'n wit hemp en kan met of sonder 'n skoolbaadjie gedra word.
- 'n Langmoutrui sonder 'n baadjie OF 'n hemp én baadjie sónder 'n langmoutrui of oortrektrui is ontoelaatbaar.
- Géén leerder mag nét met 'n langmouskooltrui skool toe kom nie.
- Die HOËRSKOOL ROODEPOORT skoolbaadjie is verpligtend op Maandae asook op die eerste dag van elke kwartaal.
- Somerskooldrag en winterskooldrag mag nie gemeng word nie. Leerders mag slegs die volle somersdrag of volle wintersdrag dra.

Daar sal aangekondig word wanneer van somersdrag na wintersdrag (en andersom) oorgeskakel word.

### Wintersdrag

- Donkerblou broekiekouse (dik tipe – 78 *decitex*). (Opaque)
- Geen wit sokkies onder broekiekouse nie. As dit baie koud is, mag die blou skoolsokkies ONDER die broekiekouse aangetrek word.
- Donkerblou Hoërskool Roodepoort skoollangbroek sonder sakke (slegs langbroeke wat by die leweransiers beskikbaar is, mag gedra word) en donkerblou skoolsokkies. Die skoollangbroek se pype mag NIE nouer gemaak word nie. Géén "skinny" broeke nie. GEEN ritssluiters of knope in broekspype word toegelaat nie.
- Wit langmou skoolhemp, oortrektrui of langmoutrui, das en baadjie.
- Das en baadjie is verpligtend en moet elke dag gedra word.
- Rooi VLR-DAS mag wel gedra word selfs al is leerder nie meer 'n VLR-lid vir die betrokke jaar nie.
- Op uitermatige koue dae mag die Hoërskool Roodepoort sweetpakbaadjie slegs **ONDER** die skoolbaadjie gedra word. 'n Sweetpakbaadjie alleen is NIÉ skooldrag nie.
- Slegs die Roodie-serp mag gedra word.
- Skoene moet altyd vasgemaak wees (veters en bandjies)

- Die Roodie-wintersbaadjie is ook aanvaarbaar in plaas van die skoolbaadjies.
- Die Roodie donkerblou beanie met skoolwapen is die enigste beanie wat gedra mag word asook die donkerblou *Spotty*-hoedjie – dit is beskikbaar by die leweransiers. Slegs goedgekeurde beanies en Spotty-hoedjies wat deur die skool se leweransiers verskaf word, is toelaatbaar om te dra. Die skoolwapen moet vorentoe wys.

### Hare

- Netjiese haarstyle wat by die skooluniform pas.
- Hare mag NIE gekleur word NIE.
- Geen hare mag in die oë hang nie en skouerlengte of lang hare moet netjies vasgebind wees.
- Hare mag nie gestileer word nie en die *wet look* is onaanvaarbaar.
- Linte: Slegs Rooi linte .
- Knippies: Slegs bruin of swart.
- Strikkies/knippies: Slegs klein effekleurige swart/bruin
- Géén kolletjies/strepies op die strikkies/knippies nie

  Rekkies: Slegs bruin/swart

  *Alice-band*: Slegs bruin/swart. Geen kolletjies of strepies op die *Alice-band* nie.

  Smal/breë (±2,5cm breed) lap- of materiaalhaarbande is toelaatbaar. Bruin, swart.
- Géén blomme of blinkers op die kopbande nie
- Slegs dun vlegseltjies (brading) wat vasgemaak kan word, is toelaatbaar.
- Slegs natuurlike haarkleure is toelaatbaar.
- Hare mag glad nie gekleur word nie en geen gekleurde vlegseltjies word toegelaat nie.
- GEEN silwer/goue/deurskynende of enige ander knippies of kraletjies mag deel van die vlegseltjies wees nie ("*Hair jewelry*")
- Geen uitspattige haarstyle of *Afro*-haarstyle word toegelaat nie.
- Lang hare moet ALTYD vasgemaak word, al dink jy die styl vereis dit nie.

### Grimering

- Geen grimering van enige aard word toegelaat nie.  Dogters met ernstige velprobleme moet toestemming kry vir die dra van 'n onderlaag.
- 'n Doktersbrief moet ingehandig word.

### Naels

Naels word kort gedra en mag nie by die vingerpunte verbysteek soos gesien van die palm van die hand nie. Geen naellak van enige aard (insluitende akriel of gel) word toegelaat nie.

### Juwele

- SLEGS 'n horlosie en 'n seëlring word toegelaat.
- SLEGS 'n goue of silwer knoppie (stud) of goue of silwer oorringetjie mag as oorbelle gedra word.
- SLEGS een per oor in die oorlel is toelaatbaar. Geen gekleurde (selfs diamante) steentjies of pêreltjies of enige ander ringe (naeltjie-, tong-, neus, oogringe of op watter sigbare plek ook aan die liggaam) word toegelaat nie.
- GEEN oorbel mag toegeplak word nie.
- GEEN armbandjies mag gedra word nie, behalwe 'n Medic Alertbandjie vir allergieë.
- GEEN tatoeëermerke is toelaatbaar nie. Bestaande tatoeëermerke moet óf toegeplak óf met verbloem-room bedek word.

### Algemeen

- Geen ou matriekdasse mag gedra word nie.
- Slegs goedgekeurde lapelwapens mag op die skoolbaadjie gedra word.
- Aansoeke vir religieuse gebruike, vergesel van 'n brief **van 'n religieuse leier/Imam** op 'n briefhoof van die kerk of instansie, kan aan die SBL voorgelê word vir oorweging. Die SBL is by magte om dit toe te staan of af te keur.

## SEUNS:

### Somersdrag:

- SLEGS swart SKOOLSKOENE met veters (altyd opgeryg en vasgemaak). Nie swart tekkies of kerkskoene nie.
- Skoene moet netjies en gepoleer wees.Veterskoene moet altyd vasgemaak wees.
- Grys skoolsokkies/kouse en swart gordels met 'n eenvoudige gespe wat nie breër as die gordel is nie.
- Grys lang- of kort skoolbroek en wit skoolhemp (lang- of kortmou).
- Géén langbroek se pype mag nouer gemaak word nie. Géén "skinny" broeke nie. Geen ritssluiters of *Velcro* mag in die pype ingesit word nie. Die ritssluiter mag nie met knope vervang word nie.
- GEEN broeke mag opgerol word nie. Langbroek se broekspyp moet die agterkant van die skoen raak.
- Die Hoërskool Roodepoort-skooldas (of rooi VLR das) moet altyd gedra word.
- Geen ou matriekdasse word toegelaat nie
- Die das moet ordentlik geknoop wees en **moet 5cm bokant die broek se gordel hang**.
- Langmoutrui sonder 'n baadjie is nie toelaatbaar nie.
- Die moulose oortrektrui mag sonder 'n skoolbaadjie gedra word.
- Die skool-sweetpakbaadjies mag SLEGS onder die skoolbaadjie gedra word.
- Die Hoërskool Roodepoort skoolbaadjie is verpligtend as 'n langmoutrui gedra word.
- Die Roodie-wintersbaadjie is ook aanvaarbaar in plaas van die skoolbaadjie.
- Slegs die donkerblou beanies en *spotty* hoedjies met die skoolwapen op, wat by die leweransiers aangekoop is, is toelaatbaar by die skool. Die wapen moet vorentoe wys.
- Die HOËRSKOOL ROODEPOORT skoolbaadjie is verpligtend op Maandae asook op die eerste dag van elke kwartaal.
- Geen broeke mag onder of halfpad oor die boude hang nie. Onderklere mag nie sigbaar wees nie.

### Wintersdrag

- Das en baadjie is altyd verpligtend gedurende die wintermaande en moet ELKE dag gedra word.
- Op uitermatige koue dae mag Hoërskool Roodepoort sweetpakbaadjie SLEGS ONDER die skoolbaadjie gedra word. 'n Sweetpakbaadjie alleen is NIE skooldrag NIE.
- Slegs die Roodie-serp mag gedra word.
- Geen moulose oortrektrui mag oor 'n langmoutrui gedra word nie.
- GEEN ander baadjie/sweetpakbaadjies mag gedra word nie.
- GEEN langmoufrokkies onder kortmouhemde nie! (Nie wit, blou, swart of enige ander kleur nie)

### Hare

- Hare moet kort en netjies wees.
- Geen hare mag aan die kraag raak nie.
- Geen *mohawks*, *steps*, deurmekaar boskasies, stertjies, poniesterte of *mullets* is toelaatbaar nie.
- Hare mag onder geen omstandighede gekleur word nie. Nie eers ligstrepies nie.
- Haarprodukte mag matig gebruik word as aan bogenoemde vereistes voldoen word.
- GEEN patroontjies ingeskeer aan die kante van die kop, word toegelaat nie.
- GEEN lang kuiwe wat oor die oë hang, word toegelaat nie.
- Slegs teen-die-kop *braids* sónder stertjies in die nek, is toelaatbaar. Slegs *braids* wat die natuurlike haarlyn van die kop volg, mag gedra word.
- "Stokkies-hare" mag nie langer as 3cm wees nie en hare mag onder GEEN omstandighede in ('n) poniestert(e)/bolla bo-op of agter die kop vasgemaak word nie.
- GEEN silwer/goue/deurskynende of enige ander knippies/kraletjies mag deel van die vlegseltjies wees nie.
- Geen uitspattige haarstyle of *Afro*-haarstyle word toegelaat nie.
- "Dreadlocks" is ontoelaatbaar. 'n Versoek en motivering tot vrystelling van hierdie reël MOET aan die SBL voorgelê word vir oorweging. Die SBL is by magte om dit toe te staan of af te keur.
- Die lengte van die hare bo-op en langs die kant van die kop, moet in verhouding met mekaar wees.

**Algemeen**

- Seuns moet elke dag skeer en geen bakkebaarde of *sidies* word toegelaat nie. Seuns wat die reël oortree sal van ’n skeermes voorsien word en versoek om te skeer voor hy in klas toegelaat word.
- Slegs leerders met geloofsoortuigings teen die skeer van ’n baard, sal toegelaat word met die nodige briefskrywe / dokumente op ’n amptelike briefhoof van ’n geestelike leier / Imam en leerders moet by die SBL vir uitsluiting van die reël aansoek doen. Die SBL is by magte om dit toe te staan of af te keur.
- Geen ander kopbedekking as die amptelike *spotty-hoed* en die geborduurde donker blou mussies (beanies) wat by die amptelike verskaffers aangekoop is, sal toegelaat word nie. Alle ander hoofbedekkings sal gekonfiskeer word. Die skoolwapen moet teen alle tye vorentoe wys.

**Grimering**

Grimering word hoegenaamd nie by seuns toegelaat nie.

**Juwele**

- GEEN juwele nie, behalwe ’n horlosie.
- GEEN ringe nie. GEEN armbandjies mag gedra word nie – Aansoek vir armbandjies wat om geloofsredes gedra word, moet deur ‘n brief van die geestelike leier (bv. Dominee, Priester of Imam) vergesel word. Slegs Medic Alertbandjies mag gedra word.
- GEEN *studs* (naeltjie-, tong-, neus, oogringe of op watter sigbare plek ook aan die liggaam) word toegelaat nie.
- SLEGS Hoërskool Roodepoort lapelwapens mag gedra word.
- Toestemming is nodig voordat enige godsdienstige armbandjies gedra mag word. Die aansoek moet vergesel wees van ‘n amptelike brief vanaf die kerk/instelling.

**Tatoeëermerke**

Seuns word afgeraai om tatoeëermerke te kry. Tatoeëermerke moet te alle tye bedek wees. **GEEN** merke mag sigbaar wees nie.

## ***INFORMELE SKOOLUNIFORM (Roodiedrag) VIR SEUNS EN DOGTERS***

- Roodiedrag mag SLEGS gedra word indien dit vooraf gereël en goedgekeur is deur die SKOOLHOOF.
- Blou Roodie-hemp en ’n netjiese, smaakvolle, nie-onthullende (non-revealing) DONKERBLOU denim langbroek met tekkies.
- Op uiters koue dae mag ’n skooltrui, skooloortrektrui, wintersbaadjie of skoolsweetpakbaadjie bykomend tot die Roodiedrag gedra word.
- Al die voorkomsreëls geld ook met die informele skooluniform (hare vasgemaak en géén grimering nie).
- Indien ’n leerder verkies om nie die Roodiedrag te dra nie, moet die volledige skooluniform gedra word.
- GEEN Roodiehemde mag as gewone skooldrag saam met grys/blou skoollangbroeke gedra word nie.

## ALGEMEEN

- Die volle skooldrag moet te alle tye gedra word, VERAL in openbare plekke.
- Hemde MOET altyd in broeke ingesteek wees.
  - Slegs goedgekeurde lapelwapens mag op die skoolbaadjie gedra word.
- Indien dit reën, mag ’n sambreel vir die doeleindes gebruik word. GEEN *Drimac* reënbaadjies of skool sweetpakbaadjie mag in dié geval gedra word nie.
- GEEN sportklere mag tydens skooltyd gedra word nie.
- Indien sport direk na skool plaasvind, mag SLEGS die betrokke spanne tydens pouse in ’n skoolsweetpak en tekkies verklee.
- Geen veranderinge mag aan die amptelike skooldrag van Hoërskool Roodepoort aangebring word nie.
- GEEN Eerstespan-, Provinsialespan baadjies of -sporttruie mag tydens skooltyd gedra word nie - behalwe op Vrydae (mét VOORAF toestemming van die Hoof soos deur Sporthoof gereël).
- Balkies mag slegs op die lapel/le van skoolbaadjies gedra word.

## 3.) <u>Beleid vir Selfone en Elektroniese Toestelle</u>

Hoërskool Roodepoort is 'n selfoon/elektroniese toestelvrye sone. Leerders word nie toegelaat om selfone/elektroniese toestelle gedurende skoolure (van 07:30 tot 14:00) in hulle besit te hê nie. Leerders word aangemoedig om selfone by die huis te laat. Indien 'n selfoon noodsaaklik is weens logistieke redes **MOET** die volgende prosedures gevolg word:

- ✓ **MOET die selfoon/elektroniese toestel afgeskakel word en aan die begin van die skooldag, vir veilige bewaring, ingehandig word.**
- ✓ Dit is die leerder se verantwoordelikheid om betyds te wees om sy/haar selfoon/elektroniese toestel voor 07:25 vir veilige bewaring in te handig. Die inname van selfone/elektroniese toestelle sal teen 07:25 gestaak word.
- ✓ Die selfoon/elektroniese toestel sal **na die einde van die dag**, na **14:10**, aan die leerder teruggegee word.
- ✓ Selfone/elektroniese toestelle sal onder **GEEN** omstandighede gedurende skoolure aan leerders teruggegee word nie.
- ✓ **Hoërskool Roodepoort aanvaar geen verantwoordelikheid vir die veilige bewaring van enige selfoon/elektroniese toestel nie. Enige leerder wat sy/haar selfoon/elektroniese toestel skool toe bring en vir veilige bewaring inhandig doen so op sy/haar eie risiko.**
- ✓ **Hoërskool Roodepoort sal nie aanspreeklik wees as die selfoon/elektroniese toestel verlore of beskadig raak nie.**
- ✓ Enige selfoon/elektroniese toestel of bykomstighede wat gedurende skoolure by 'n leerder gevind word, sal gekonfiskeer word.
- ✓ **ENIGE SELFOON/ELEKTRONIESE TOESTEL WAT GEKONFISKEER IS:**
    - Sal vir 'n minimum van tien skooldae afgeneem word. (wat 'n aanvang neem op die dag wat die selfoon/elektroniese toestel gekonfiskeer is.)
    - Alternatiewelik kan 'n gekonfiskeerde selfoon/elektroniese toestel teruggekoop word met die bewys van betaling **van 'n R200 boete,** wat by die finansiële kantoor betaal kan word.
    - Die teruggee/afkoop van gekonfiskeerde selfone/elektroniese toestelle sal na **NIE** gedurende skoolure plaasvind nie, maar na **14:10** nadat **AL** die selfone/elektroniese toestelle wat vir veilige bewaring ingehandig is, afgehaal is.
- ✓ **Die gebruik van selfone is streng verbode gedurende skoolure:**
    - Oortreding of versuim om te voldoen aan die selfoonreëls word geag om van 'n ernstige aard te wees en word geklassifiseer op Kategorie C-vlak (-30 Demerietepunte / Direkte Detensie / 'n moontlike Eksterne verhoor, en selfs moontlike skorsing van die skool).
    - **Geen leerder mag enige opvoeder, medeleerder, personeel of gebeurtenis op die skool-terrein van Hoërskool Roodepoort opneem of afneem nie, <u>tensy uitdruklike toestemming voor die geleentheid verleen is</u> (in nakoming van die POPI-wet (Wet 4 van 2013). Nie-nakoming van die POPI-wetgewing word as baie ernstig beskou en word geklassifiseer op Kategorie C-vlak (-30 Demerietepunte/Direkte detensie/Moontlike Eksterne Dissipli-nêre verhoor en moontlike uitsetting)**.
    - Die neem van enige foto/beeld, video-opname en/of stemopname van enige personeellid van Hoërskool Roodepoort of enige ander individu op of om die terrein van Hoërskool Roodepoort word geag van 'n baie ernstige aard te wees en word geklassifiseer op Kategorie C –vlak (-30 Demerietepunte, Eksterne dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting van die skool).

Die skool sal onderneem om leerders tydens 'n noodgeval (op billike gronde) by te staan met die kontak van ouers.

**4.) <u>Beleid vir Gevaarlike en verbode besittings</u>**

Hoërskool Roodepoort is 'n plek van opvoeding. Dit is belangrik dat die omgewing bevorderlik is vir onderrig en leer en vry van gevaar en/of bedreigings. Leerders mag nie die perseel van Hoërskool Roodepoort betree indien hulle in besit is van enige van die volgende nie:

- Enige sigaret, butanol-aansteker of vuurhoutjies
- Enige e-sigaret/“vape”/hubbly bubbly/bong of enige ander dwelmtoebehore
- Enige dwelm-, verbode of onwettige middel met ‘n narkotiese invloed wat die geestelike toestand van ‘n leerder kan verander (Kodeïen, “Lean” of ander soortgelyke mengsels)
- Marijuana of sintetiese Marijuana of enige ander sintetiese stof ("Herbal") of dagga olie
- Enige tipe mes of skerp metaalvoorwerp of enige ander voorwerp wat as wapen gebruik kan word
- Enige tipe vuurwapen, gas/luggeweer/pistool of "BB" -geweer of blaaspyp.
- Enige handelsware met die voorneme om dit op die perseel van Hoërskool Roodepoort te verkoop.
- Enige dobbelapparaat of enige voorwerpe wat gebruik kan word om mee dobbel

**Die besit van enige gevaarlike of verbode item word as baie ernstig beskou en word geklassifiseer op Kategorie C-vlak (-30 Demerietepunte, Eksterne dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting van die skool**

**5.) <u>Beleid vir sigaretrook</u>**

Almal het die reg op 'n rookvrye omgewing. Die koop en rook van sigarette deur minderjariges word deur die wet in Suid-Afrika verbied. Indien enige minderjarige rook, is dit 'n kriminele oortreding in terme van die wette van die land en strafbaar. 'n Boete van R500 of tot drie maande tronkstraf (of albei afhangende van die hof se besluit) kan aan oortreders opgelê word.

Leerders word verbied om die perseel van Hoërskool Roodepoort te betree indien hulle in besit is van:

- Enige sigarette, butanol-aanstekers of vuurhoutjies
- Enige e-sigaret / nikotien-toedieningsapparaat / waterpyp / tabak / Rizlas ens.

**Die besit of gebruik van enige tabakproduk, e-sigarette, nikotientoedieningsapparaat of waterpyp word as 'n baie ernstige oortreding beskou en word geklassifiseer op Kategorie C-vlak (-30 Demerietepunte, Eksterne Dissiplinêre verhoor en moontlike uitsetting van die skool ).**

**6.) <u>Beleid vir Onwettige stowwe, Marijuana en Sintetiese Marijuana/kruie middel/oor die toonbank medisyne</u>**

***Hoërskool Roodepoort is 'n dwelm-, onwettige middel-, alkohol-, Marijuana- en Sintetiese Marijuana-vrye omgewing met 'n ZERO-TOLERANSIE-beleid teenoor enige van hierdie ongewenste items.***

Die SBL van Hoërskool Roodepoort magtig en beveel die Skoolhoof of sy/haar afgevaardigdes van Hoërskool Roodepoort aan om:

✓ Na eie diskresie die voorgeskrewe toetse vir dwelms/onwettige middel/alkohol/Marijuana/ Sintetiese Marijuana te eniger tyd op enige leerder op die terrein van Hoërskool Roodepoort uit te voer.

✓ Deursoeking (in privaatheid) van enige persoon en/of sakke/besittings ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), van enige leerder/persoon op die perseel van Hoërskool Roodepoort vir dwelms /onwettige middel/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana of enige ander verbode goedere/middels indien daar ‘n redelike vermoede bestaan dat verbode goedere/middels teenwoordig is.

✓ Enige leerder wat positief toets vir enige dwelm/onwettige middel/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana, onmiddelik te skors om die grondwetlike reg tot 'n veilige en dwelmvrye omgewing (wat noodsaaklik is vir behoorlike onderrig en leer om plaas te kan vind) van ander leerders van Hoërskool Roodepoort, te beskerm.

✓ Onmiddellik 'n eksterne dissiplinêre verhoor (binne 7 skooldae) te skeduleer vir enige leerder wat positief getoets is vir enige dwelm/onwettige middel/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana.

- ✓ Enige leerder wat positief getoets is vir enige dwelm/onwettige middel/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana, te skors en aan te hou skors uit die skool totdat die leerder negatief toets vir enige dwelm/ onwettige middel/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana. (**In ooreenstemming met die skool se beleid van ZERO-TOLERANSIE vir dwelms, alkohol en alle verbode middels)**
- ✓ Die koste te verhaal vir elke positiewe toets vir dwelms/onwettige middels/alkohol/Marijuana/ Sintetiese Marijuana van die /ouer/voog van die leerder wat positief getoets is,
- ✓ en die koste van negatiewe dwelm/onwettige middel/alkohol/Marijuana/ Sintetiese Marijuana toetse as kosteloos vir die leerder wat getoets is te ag.

## 7.) <u>Beleid vir Persoonlike eiendom van leerders</u>

Hoërskool Roodepoort is nie aanspreeklik vir die beskerming, verlies van, beskadiging of diefstal van enige persoonlike besittings van leerders nie. Alle leerders is te alle tye verantwoordelik om hul eie besittings te versorg. **Leerders word aangeraai om NIE waardevolle items (slimfone, smartwatches, tablette, ens.) saam te bring na die skool toe nie.**

Die geslotekring-videostelsel van Hoërskool Roodepoort is uitsluitlik vir veiligheids- en sekuriteitsdoeleindes. Die skool het nie die mannekrag of mandaat om te soek na verlore/gesteelde goedere nie. **Enige leerder wat hulp benodig met 'n verlore/gesteelde item het 'n keuse om 'n administratiewe fooi van R100 te betaal (soos deur die SBL Hoërskool Roodepoort beveel) en die vorm met besonderhede van die voorval by die finansiële kantoor te voltooi voordat die saak ondersoek sal word.** Geen waarborg word gegee dat verlore items op die geslotekring-videostelsel gevind sal word nie.

## 8.) <u>Beleid vir Elektroniese waarneming/toesig</u>

Die perseel, geboue asook die opvoedkundige en administratiewe areas van Hoërskool Roodepoort word vir veiligheids- en sekuriteitsdoeleindes deur CCTV gemoniteer. Kennisgewingborde in die verband word vir die kennisname van alle leerders, ouers en besoekers vertoon wanneer hulle die skool se perseel betree. **Die opnames van die CCTV-stelsel bly te alle tye die eiendom van die SBL van Hoërskool Roodepoort en sal nie sonder die skriftelike toestemming van die SBL enige derde party gedeel word nie, tensy dit deur 'n hofbevel beveel word.**

## 9.) <u>Beleid vir Meriete / Demerietes</u>

Hoërskool Roodepoort maak gebruik van 'n stelsel van Demerietepunte (vir oortredings van die Gedragskode van Hoërskool Roodepoort) en Merietepunte vir voorbeeldige gedrag/gedrag/optrede. Die doel van hierdie stelsel is om positiewe gedrag te beloon en om negatiewe gedrag te ontmoedig en te korrigeer om leerders te lei om verantwoordelike burgers van Suid-Afrika te word.

Merietepunte word toegeken om betyds te wees vir skool en vir klasse, deelname, bywoning en ondersteuning van skool-aktiwiteite, hulp aan die personeel van die skool, vir akademiese, kulturele en sportprestasies asook uitnemendheid op verskillende terreine. Merietepunte kan ook opgehoop word vir die bywoning van detensieklasse (30 merietepunte) en vir vrywillige dienslewering (merietepunte onderhewig aan die tyd wat aan die diens spandeer word: 5 - 30 merietepunte) aan die skool of die personeel van Hoërskool Roodepoort.

Demerietepunte word toegeken vir oortredings van die Gedragskode van Hoërskool Roodepoort en verskil in waarde na gelang van die vlak van oortredings wat begaan word **(Kategorie A: -5; Kategorie B: -15 en Kategorie C: -30 demerietepunte).**

Demerietes word as verwysingspunt gebruik vir die bepaling van die positiewe bydrae/invloed van 'n leerder tot die skool, maar ook om vas te stel of intervensie/regstelling vir die gedrag van 'n leerder vereis word en kan lei tot 'n leerder beveel word om verpligte detensie as hulpmiddel om negatiewe gedrag te straf en te korrigeer en/of die skakel van ouers vir 'n interne disiplinêre vergadering by die skool.

***10% van die demerietepunte sal op 30 November van elke jaar na die volgende jaar oorgedra word vanaf die netto waarde van elke leerder (behalwe vir nuwe graad 8 en alle nuwe leerders) om 'n billike beeld te kry van die dissiplinêre rekord van 'n leerder oor 'n lang tydperk by Hoërskool Roodepoort.***

## 10.) <u>Beleid vir Detensie</u>

Detensie is 'n integrale deel van die dissiplinêre stelsel van Hoërskool Roodepoort en is bedoel om negatiewe gedrag te korrigeer. Detensie word in 'n baie ernstige lig beskou en enige leerder wat nie 'n geskeduleerde detensieklas bywoon nie, **sal vir drie dae geskors word** in 'n poging om die leerder en ouers by die skool te kry vir 'n Interne Dissiplinêre gesprek met die Graadhoof en/of Graadkoördineerder/s om 'n gesamentlike poging tussen die skool en ouers te vestig om die leerder te help om sy/haar gedrag te korrigeer.

- Die skorsing van die leerder sal teruggetrek word indien 'n aanvaarbare aksieplan vir die regstelling van die negatiewe gedrag ingestel kan word.
- Interne Dissiplinêre gesprekke sal tot drie geleenthede per jaar beperk word waarna 'n Eksterne Dissiplinêre verhoor sal volg wat kan lei tot moontlike uitsetting uit die skool.

**Enige leerder met 'n TOTAAL van meer as 100 demerietepunte kan volgens die diskresie van die Detensiehoof vir 'n detensieklas geskeduleer word. ‘n Leerder kan ook in ‘n direkte detensieklas geplaas word volgens die diskresie van die Graad-koördineerder/Graadhoof/Departementshoof/ Detensiehoof of die Disiplinêre Hoof van die skool.**

- ✓ Bywoning van ‘n detensieklas sal met 30 meriete punte gekrediteer word.
- ✓ Merietepunte versamel deur Detensie/Eksamen Detensie sal slegs gebruik word om die NETTO WAARDE van ‘n leerder te bepaal met die enkeldoel om vas te stel wanneer ‘n leerder weer geskeduleer moet word om ‘n detensieklas by te woon.
- ✓ **<u>Merietepunte vir ‘n detensieklas sal slegs toegeken word vir die volle bywoning van ‘n sessie.</u>**

Amptelike detensieklasse sal weekliks geskeduleer word, soos bepaal deur die Detensiehoof.

Geen leerder met 'n NETTO-WAARDE van 300 of meer Demerietepunte sal tydens die eksamens studietyd by die huis ontvang word nie.

- ✓ Leerders sal Eksamendetensie moet bywoon op ALLE dae wat die leerder nie ‘n geskeduleerde eksamen skryf nie.
- ✓ 50 merietepunte sal toegeken word vir elke dag van detensie gedurende die eksamen, slegs van toepassing op dae waar die leerder NIE tydens die eerste sessie ‘n geskeduleerde eksamen skryf NIE.
- ✓ Merietepunte versamel deur Eksamen Detensie sal slegs gebruik word om die NETTO WAARDE van ‘n leerder te bepaal met die enkeldoel om vas te stel wanneer ‘n leerder weer geskeduleer moet word om ‘n detensieklas by te woon.
- ✓ ‘n Leerder sal net vryskelding van Eksamendetensie ontvang wanneer sy/haar NETTO WAARDE onder 100 demerietes is of deur die diskresie van die Detensiehoof/Disiplinêre hoof.

## 11.) <u>Beleid vir Akademiese Detensieklas (ADK) - (Sal in werking tree sodra daar genoeg klas-kamers by die skool beskikbaar is).</u>

Enige leerder wat klasse ontwrig of klasse bank sal na die Akademiese Detensie Klas verskuif word, waar die leerder in ‘n toegewysde area beperk sal word deur die diskresie van die Skoolhoof of sy/haar afgevaardigdes.

- ✓ ‘n Leerder wat verskuif is na die ADK sal onder toesig noodsaaklike kurrikulum werk doen terwyl hy/sy hom/haar voorregte verbeur.
- ✓ Alle leerders in die ADK sal aan die einde van elke dag ‘n toets skryf oor die noodsaaklike kurrikulum inhoud en sal slegs toestemming ontvang om terug te keer na sy/haar gewone klas en rooster wanneer hy/sy ‘n punt bo 70% ontvang vir die toets van die dag.
- ✓ ‘n Leerder wat nie die nodige akademiese slaagvereiste gedurende hierdie toets behaal nie, sal in die ADK gehou word tot dat hierdie vereistes bereik.
- ✓ Leerders in die ADK word totaal van die res van die skool verwyder en sal nie saam met die res van die leerders hulle geskeduleerde pouse hê nie.
- ✓ Pouses vir die ADK sal onder die diskresie van die Detensiehoof toegewys word.
- ✓ Leerders sal GEEN merietepunte/detensiemerietes ontvang vir die bywoning van die ADK nie.

‘n Leerder wat nie sy/haar volle samewerking gee tydens bywoning van die ADK nie, sal vir sewe dae geskors word en ‘n eksterne disiplinêre verhoor sal geskeduleer word gedurende die skorstydperk en kan lei tot die permanente skorsing van die leerder.

## 12.) <u>Beleid vir Sluitkassies</u>

Sluitkassies is die eiendom van Hoërskool Roodepoort en bly te alle tye onder die beheer van die skool. Slegs 'n beperkte aantal sluitkassies is beskikbaar en leerders kan jaarliks 'n sluitkassie by Hoërskool Roodepoort huur (eerste bestel, eerste bedien).

- ✓ Daar word van huurders van sluitkassies verwag om volle verant-woordelikheid te aanvaar vir die veiligheid en netheid van hul sluitkassies en **geen onder-verhuring van sluitkassies word toegelaat nie**.
- ✓ Die wettige huurder van 'n sluitkassie sal te alle tye verantwoordelik gehou word vir die inhoud van die sluitkassie.
- ✓ Periodieke, algemene inspeksies van die sluitkassies sal uitgevoer word in die teenwoordigheid van die wettige huurder van 'n sluitkassie, na goeddunke van die skoolhoof of sy/haar afgevaardigde, om enige rede en te eniger tyd (sonder vooraf kennisgewing, sonder die toestemming van die leerder/huurder en sonder 'n lasbrief).
- ✓ Die volgende items sal gekonfiskeer word as dit in ‘n sluitkassie gevind sou word:
  - Enige sigarette, ‘butanol-lighters’ of vuurhoutjies
  - Enige e-sigarette/vape/hubbly bubbly/bong of enige ander dwelm verwante items
  - Enige dwelms, onwettige middele of midelle wat narkotiese gevolge het of die leerder se kognitiewe vermoë beperk (Codeine, ‘Lean’ of ander soortgelyke mengsels)
  - Marijuana of sintetiese Marijuana of enige ander sintetiese middel (“Herbal”) of dagga olie
  - Enige soort mes, skerp metaal voorverp of enige voorwerp wat as ‘n wapen gebruik kan word
  - Enige tipe vuurwapen, gas/lug-geweer/pistool of “BB”-geweer of blaas pyp
  - Enige handelsware met die intensie om te verkoop (onderworpe aan redelike verdenking en die diskresie van die Dissiplinêrehoof van Hoërskool Roodepoort) op die skoolterein van Hoërskool Roodepoort
  - Dobbel parafernalia of voorwerpe wat gebruik kan word om te dobbel

# <u>Dissiplinêre kode van Hoërskool Roodepoort</u>

Die skool is by uitstek 'n leer- en onderrigomgewing. **Die doel van die Dissiplinêre Kode is om die onver-vreembare basiese reg van elke leerder op onderrig te beskerm** <u>en</u> **om leerders te dissiplineer wat afgewyk het van die aanvaarbare norm van gedrag.** Leerders/ouers sal voorsien word van 'n afskrif van 'n leerder se dissiplinêre rekord saam met rapporte en wanneer dissiplinêre stappe ingevolge die Gedragskode van die skool teen 'n leerder geneem word.

Die Dissiplinêre Kode word in drie kategorieë verdeel na gelang van die erns van 'n oortreding:

**i.** **<u>Kategorie A oortredings:</u>** (sal slegs demerietes tot gevolg hê)

Geringe oortredings wat **5** demerietepunte sal regverdig (-5).

- **Bv**. laat vir skool of klas;
- huiswerk nie gedoen nie;
- kleredrag/voorkoms oortreding;
- nie in besit van Roodie-visum nie;
- oormatige geraasvlak, ens.

(verwys na volledige lys van Kategorie A oortredings by [www.roodie.co.za](http://www.roodie.co.za))

**Herhaalde Kategorie A oortredings** sal geëskaleer word tot Kategorie B dissiplinêre optrede.

**ii.** **Kategorie B oortredings:** (Sal lei tot Interne Dissiplinêre aksie en skorsing)

Ernstige oortredings wat **15** demerietetpunte sal regverdig (-15).

- **Bv**. bank van klasse;
- boelie en intimidasie;
- ontwrigting van klasse;
- rasse oortredings;
- aanstigting van of deur toeskouers (skare) by fisieke gevegte;
- oneerlikheid;
- onvanpaste/fisiese kontak;
- vloek van personeellede van Hoërskool Roodepoort;
- onwelvoeglike taalgebruik;
- verkoop van goedere op skoolgronde;
- by Snoepie gedurende klastyd; ens.

(verwys na volledige lys van Kategorie B oortredings by **www.roodie.co.za**)

**Herhaalde Kategorie B oortredings sal** geëskaleer word tot Kategorie C dissiplinêre optrede.

**iii.** **Kategorie C oortredings:** (Sal lei tot Eksterne Dissiplinêre aksie, skorsing en uitsetting)

Baie ernstige oortredings wat **30** demerietepunte sal regverdig (-30).

- **Bv**. die besit van 'n selfoon/elektroniese toestel gedurende skoolure;
- onaanvaarbare gedrag tydens saal of vierkant/saalopening;
- rook (van enige middele);
- dobbel op skoolgronde;
- aggressie/disrespek teenoor personeellede van Hoërskool Roodepoort;
- vandalisme;
- aanranding;
- pornografie;
- seksuele wangedrag; in besit van wapens of messe op skoolgronde;
- in besit van wapens of messe by die skool
- om die aggressor in fisiese gevegte te wees;
- diefstal;
- ontwrigting van detensieklas;
- afwesig van detensiesklas;
- die goeie naam van die skool in onguns bring;
- gebruik van alkohol op skoolgronde;
- onder die invloed van alkohol wees;
- Gebruik/besit/verkoop van dwelms/onwettige middels/alkohol/Marijuana/Sintetiese Marijuana op die skoolterrein;
- positiewe toetsing vir enige verbode middel,
- verbale of fisiese mishandeling van 'n onderwyser ens.

(verwys na volledige lys van Kategorie C oortredings by **www.roodie.co.za**)

Hoërskool Roodepoort en sy personeel aanvaar sy ***In Loco Parentis***-funksies teenoor leerders en tree op in die beste belang van leerders. **Wanneer dit duidelik word dat 'n leerder spesiale dissiplinêre aandag van sy/ haar biologiese ouers/voogde (NETTO-WAARDE van Demerietepunte bo 200 punte) benodig, word 'n leerder vir tot 3 dae geskors om intensiewe ouerintervensie te ontvang.** Aan die einde van hierdie skorsingstyd word verwag dat ouers/voogde die aangewese Graadkoördineerder van die leerder sal besoek om verslag te doen oor ouerlike maatreëls wat ingestel is om die leerder te help/begelei. Indien die ouers/voogde in gebreke bly om hul ouerlike plig in hierdie verband na te kom, sal ***Vorm 22 (Opsetlike Kinderverwaarlosing, Seksie 110 van die Kinderwet 38 van 2005) voltooi en aan die toepaslike owerheid oorhandig word as 'n verder poging om***

*Enige leerder wat 'n Kategorie B oortreding begaan, sal nie toegelaat word om aan enige amptelike aktiwiteite van Hoërskool Roodepoort deel te neem vir die duur van die sanksies vir die oortreding nie.*

*Enige leerder wat 'n Kategorie C oortreding begaan, sal nie toegelaat word om deel te neem aan enige amptelike aktiwiteite van Hoërskool Roodepoort vir die duur van die sanksies vir die oortreding nie, en sal die voorreg verbeur om enige amptelike toekenning of verering van Hoërskool Roodepoort te ontvang.*

**Die volledige Gedragskode van Hoërskool Roodepoort is beskikbaar by www.roodie.co.za**

# HOËRSKOOL ROODEPOORT

Ek, ____________________ _____________________ van Gr ____ ____, erken en verklaar hiermee

dat ek:

i. die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" gelees het

ii. betekenis en implikasies van die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" verstaan

iii. aanspreeklik gehou sal word vir die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" in alle aspekte wat verband hou met die skool en aktiwiteite van die skool

iv. die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" aanvaar en onderneem om op te tree/te handel daarvolgens

Geteken op hierdie ________ dag van JANUARIE 2019 by Hoërskool Roodepoort.

Volle naam en van ________________________________________________________

_____________________________________

**HANDTEKENING (Leerder)**

Ouer (mede-ondertekening) _____________________________________

**HANDTEKENING (Ouer)**

_______________________________________ _________________________________

**HANDTEKENING (Voogonderwyser)** **Voorletters en Van (Voogonderwyser)**

**LEERDER & OUER KOPIE**

# HOËRSKOOL ROODEPOORT

Ek, ____________________ ______________________ van Gr ____ ____, erken en verklaar hiermee

dat ek:

i. die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" gelees het

ii. betekenis en implikasies van die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" verstaan

iii. aanspreeklik gehou sal word vir die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" in alle aspekte wat verband hou met die skool en aktiwiteite van die skool

iv. die "**GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOL ROODEPOORT**" aanvaar en onderneem om op te tree/te handel daarvolgens

Geteken op hierdie ________ dag van JANUARIE 2019 by Hoërskool Roodepoort.

Volle naam en van __________________________________________________________

______________________________________

**HANDTEKENING (Leerder)**

Ouer (mede-ondertekening) ______________________________________

**HANDTEKENING (Ouer)**

________________________________________ ____________________________________

**HANDTEKENING (Voogonderwyser)** **Voorletters en Van (Voogonderwyser)**

**SKOOL KOPIE**